

INHOUDSOPGAWE

1. BOODSKAP VAN DIE HOOF	Bl. 1
2. STRUKTUUR VAN DIE SKOOL	Bl. 2
3. ONS SKOOLLIED	Bl. 3
4. ALGEMENE INLIGTING	Bl. 3
5. SKOOLPAKKETTE	Bl. 3
6. FINANSIËLE AANGELEENTHEDE	Bl. 4
7. BEHEERLIGGAAM	Bl. 4
8. SKOOLGELD	Bl. 4
9. HUISWERK IN DIE GRONDSLAGFASE	Bl. 4
10. WEBWERF	Bl. 5
11. KULTUUR	Bl. 5
12. REMEDIËRENDE ONDERRIG	Bl. 5
13. TERAPEUTE	Bl. 6
14. VEILIGHEID	Bl. 6
15. VERVOER	Bl. 6
16. SPORT	Bl. 7
17. OOR-IE-NORIE	Bl. 7
18. REKENAARSENTRUM	Bl. 8
19. VERRYKING	Bl. 8
20. NASKOOLSENTRUM - ARENDSNES	Bl. 8
21. 'LEWENSWYSHEID'	Bl. 8
22. TIEN GEBOOIE VIR OUERS	Bl. 9
23. NOORDSKOOL SKOOLDRAG	Bl. 10/11



BOODSKAP VAN DIE HOOF

Laerskool Krugersdorp-Noord is sedert 1919 deel van die Krugersdorpse gemeenskap. Ons is 'n Afrikaanse skool wat Christelike beginsels, waardes en norme navolg. Ons is ten volle verbind tot die verskaffing van dinamiese Christelike- en moedertaalonderrig van uitnemende kwaliteit aan ons kinders binne ons gemeenskap. Ons tree op in vennootskap met ons ouers deur middel van kostedoeltreffende benutting van alle hulpbronne en selfverwesening van al ons personeel.

Dit is vir ons 'n uitdaging om ons kinders die vaardighede aan te leer om die potensiaal in geleenthede raak te sien. Ons bied die geleentheid vir elke kind om sy/haar talente te ontwikkel, maar ook om kernwaardes te vorm.

By Laerskool Krugersdorp-Noord is elke kind vir ons belangrik en ontwikkel ons die kind se volle menswees. Akademie bly vir ons baie belangrik en daarom ondergaan personeel deurlopende opleiding om hulle kennis verder uit te brei. Ons het 'n personeelkorps wat met passie en genot hul roeping elke dag uitleef.

Van die belangrikste aspekte by ons skool is dat ons bevoorreg is om sekerlik die mees gelukkige leerders en 'n betrokke ouergemeenskap besit.


Ons nooi u graag uit om deel te word van Laerskool Krugersdorp-Noord.

CH MILLER
HOOF





3. STRUKTUUR VAN DIE SKOOL.



ONS SKOOLIED

Omring deur straat- en stadsgeluid
Dra ons ons boodskap uit.
Werk en wen vir volk en land
Wat ons nooit sal verpand.
Aan jou ons skool bly ons getrou
Die oog op God gehou.
Ons sal jou naam met ere dra
In wat jy van ons vra.
Daarom sal ons werk en wen,
Daarom sal ons werk en wen!

1. ALGEMENE INLIGTING

H/v Derde- en Premierstraat
Krugersdorp-Noord
1739
Tel nr: 011 665 1390/1
Faks nr: 011 660 1323
Web: www.noordskool.co.za
Epos: kdpnoord@absamail.co.za



2. SKOOLPAKKETTE

Skoolpakkette is te koop by die skool met al die skoolbenodigdhede. Die pryse is baie goedkoper as in die winkels omdat ons dit in grootmaat aankoop. Pakket is ingesluit in Registrasiefooi.



3. FINANSIËLE AANGELEENTHEDE

'n Jaarlikse begroting word opgestel en aan die ouers voorgelê vir goedkeuring. Ouers se geld word aangewend vir:

Instandhouding van terrein en geboue

Opvoedkundige hulpmiddels

Sport

Personeel (vir voorsiening van kleiner klasse)

Veiligheid en sekuriteit

Administratiewe uitgawes

Rekenaarsentrum

Vervoer

Kultuur



4. BEHEERLIGGAAM

Die beheerliggaam van Laerskool Krugersdorp-Noord word elke derde jaar deur die ouers en onderwysers van die skool verkies. Ouers verkies die ouerlede en die onderwysers die personeellede. Ons is bevoorreg om 'n beheerliggaam te hê vir wie onderwys na aan die hart lê. Die beheerliggaam vergader een keer per maand om sodoende dinamiese doelwitte te bepaal en uit te voer.

Die beheerliggaam bestaan uit die volgende lede:

Mnr Gideon Swart

Mnr Herman Brand

Mnr Sakkie van den Berg

Me Annalie du Plessis

Dr. Danie Hoffman

Ds. Attie Hattingh

Me Mariaan Burden

Me Anita Miller

Me Christa Rossouw

Mnr Marinus de Beer

Mnr Charles Miller

Voorsitter

Sport

Geboue en terrein

Welsyn van leerders

Welstand

Welstand en bemerking

Sekretaresse

Kultuur

Departementshoof akademies

Adjunkhoof, Tesourier

Hoof

5. SKOOLGELD



Skoolgeld word jaarliks deur die beheerliggaam hersien. Skoolgeld kan eenmalig betaal word, per debietorder of in maandelikse paaiemente.

6. HUISWERK IN DIE GRONDSLAGFASE

Aan die begin van 'n week ontvang elke leerder sy/haar huiswerkopdragte. Die leerder moet elke dag die voorgeskrewe deel doen. Die ouer/voog moet dit asb. kontroleer. Huiswerkopdragte dien as vaslegging van die werk wat reeds in die klas gedoen is.

7. WEBWERF



Noordskool beskik oor 'n unieke webwerf wat baie gebruikersvriendelik is. Daar is baie inligting op die webwerf beskikbaar. Besoek gerus www.noordskool.co.za

8. KULTUUR

Junior- en Seniorskool

Verskeie optredes reg deur die jaar, Die Juniorskool oefen elke Woensdag 13:30 tot 14:30, en die Seniorskool 13:30 tot 14:45.

**Ander:
Redenaars**

Drama

Fotografie

Bybelvasvra

Spreekkoor



9. REMEDIËRENDE ONDERRIG

Leerders wat uitvalle toon word deur die personeel geïdentifiseer. Eers ontvang die leerder heronderrig klassikaal by die onderwyser self. Indien daar nie 'n verbetering is nie, word die leerder verwys na R.O.-klasse. Die leerders word ingedeel by van ons personeel wat Dinsdae en Donderdae remediëring met die leerders doen. Verslae word aan die personeel en ouers gestuur van hoe die leerder vorder. Indien daar nie vordering is nie, word die leerder na die R.O.-sentrum verwys. Sy onderrig hulle individueel en personeel ontvang verslag van haar en waar hulp verleen moet word. Indien nodig word leerders getoets deur ons opvoedkundige sielkundiges en verwys na ons skole vir leergestremdhede soos Wesrandskool.



10. TERAPEUTE

Noordskool het twee opvoedkundige sielkundiges waarvan een 'n kliniese sielkundige is. Leerders met leerprobleme word na hulle verwys. Hulle evalueer die leerders by die skool, lewer verslag en verleen hulp en raad aan onderwysers en ouers om leerders te help. Indien nodig word leerders verder verwys na 'n neuroloog vir evaluasie en verslag word aan die skool gedoen. Indien nodig ontvang die leerder medikasie soos deur hom voorgeskryf en personeel lewer kwartaalliks verslag aan hom.

Ons skool beskik ook oor 'n Arbeidsterapeut wat leerders help met probleme. Personeel ontvang verslae van haar en hoe leerders gehelp kan word.

11. VEILIGHEID



Die veiligheid van ons leerders is van uiterste belang vir die skool. 'n Sekuriteitswag beman daaglik vanaf 06:00 die hoofhek van die skool tot en met 15:00 waarna die persoon oorskuif na die naskoolhek om daar toegangsbeheer uit te oefen tot en met 18:00. Alle hekke van die skool is gedurende skooltyd gesluit. Alle leerders wat gedurende skooltyd gehaal word, word by ontvangs uitgeteken. Daar word daaglik register geneem, speel-gronddiens word elke pouse deur personeel en die leierkorps van die skool gedoen. Die terrein word daaglik geïnspekteer om seker te maak dat die leerders nie aan gevaarlike situasies blootgestel word nie. Alle voertuie word jaarliks aan padwaardigheidstoetse onderwerp en geen persoon word toegelaat om 'n voertuig te bestuur sonder die nodige professionele bestuurslisensies nie. Die skool word in geheel jaarliks aan beroepsveiligheids-toetse onderwerp om te verseker dat die nodige veiligheidsstandaarde gehandhaaf word. Daar is ook 'n noodplan wat gereeld ingeoefen word om te verseker dat almal presies sal weet wat om te doen in die geval van 'n noodsituasie.

12. VERVOER



Die skool beskik oor 'n busroete wat elke oggend om 06:30 en weer direk na skool 14:30 in die onmiddellike omgewing rondom die skool gery word.

Die roete word na gelang van leerders wat bykom en wegval aangepas om so koste- en tyddoeltreffend moontlik te wees. Tans beloop die koste van 'n retoerkaartjie **R80,00** per week en sou 'n leerder slegs 'n enkelrit benodig beloop die koste **R10,00** per rit. Maand-, week- en enkelkaartjies is beskikbaar. Buskaartjies word by die finansiële dame verantwoordelik daarvoor aangekoop, maar elke aansoek moet eers met die Adjunkhoof bespreek word. Wanneer groter groepe leerders vervoer moet word, word daar gebruik van private busmaatskappye, slegs semi-luukse busse word in die geval gebruik. Die koste word, behalwe in die geval van sport- en opvoedkundige toere, deur die skool gedra.

13. SPORT



Laerskool Krugersdorp-Noord is 'n uitstaande skool wat op sportgebied jaarliks met die meeste van die trofeeë en toekennings, wat in die Gauteng- Wes streek aangebied word, weg-stap. Alhoewel 'wen' belangrik is word daar gefokus op deelname en is ons een van die weinige skole in die distrik wat ook B-spanne in al ons sportsoorte toelaat om deel te neem. Toegewyde afrigters verseker dat beide die seuns- en dogterssport kwaliteit afrigting ontvang. Die skool beskik ook oor spreiligte wat dit moontlik maak om gereed in die aand wedstryde aan te bied. Erkenning word aan leerders wat op sportgebied presteer gegee deur balkies wat op hul skooldrag vasgewerk word. Die skool beskik oor al die nodige toerusting en geriewe om elke sportsoort na sy volle reg te laat kom. Die volgende sportsoorte word aangebied:

Juniors: Welpie-rugby, mini-netbal, mini-krieket, mini-hokkie en perdry

Seniors: Atletiek, netbal, rugby, hokkie, krieket, landloop, skaak, swem, perdry en tennis.

14. KOMMUNIKASIE



Die D6-kommunikeerder dien as kommunikasie tussen die skool, ouers en leerders. Dit is 'n weeklikse publikasie. Daarin vervat is belangrike sake en/of oefeninge wat gedurende die volgende week plaasvind - dag, datum en tyd. Verder word inligting gegee t.o.v. verjaarsdae, personalia - lief en leed, kultureuraangeleenthede, sportaangeleenthede, sowel as akademiese aangeleenthede. Die leerders wat in die Top 10 van elke kwartaal is, word aangedui.

Alle kommunikasie word dus deur middel van die D6-kommunikeerder deurgegee en vervang die meeste omsendbriewe. Ook op die skool se webwerf beskikbaar.

15. REKENAARSENTRUM



Hier raak die juniors vertrouwd met 'n rekenaar en doen rekenaarvaardigheid in die vorm van rekenaarspeletjies. Ons tel, bou, pas by mekaar, voltooi legkaarte en verf. Elke leerder werk een keer per week by sy eie rekenaar vir 'n 30 minute periode. Die seniors volg 'n tikprogram om hulle tikvaardighede op te skerp. Word, Excel en Paint word ook gedurende die jaar gedoen.

16. VERRYKING



Om die akademiese top 10 leerders, Gr.4-7, te beloon, word hulle gereeld op 'n uitstappie geneem.

17. NASKOOLSENTRUM - ARENDSNES



Noordskool het 'n naskoolsorgsentrum om die leerders, wat nie na skoolure na hulle onderskeie huise kan gaan nie, te akkommodeer. Die naskool-sorgsentrum is daaglik van Maandae tot Vrydae vanaf 13:00 tot 17:30 oop. 'n Ligte middagete en koeldrank word voor studietyd aan die leerders voorsien. Studietyd strek vanaf 14:00 tot 15:00 en indien huiswerk nie voltooi is nie, sal verdere reëlings getref word. Na studietyd ontvang die leerders weer 'n vrug en koeldrank en word toegelaat om te speel of om TV te kyk.

Toegangsbeheer word streng toegepas en ouers moet leerders uitteken. Reëlings moet getref word indien leerders deur 'n ander persoon gehaal word. Die fooie word jaarliks aangepas. Die belang van die leerder kom eerste op ons lys en ons streef daarna om dit sover as moontlik na te kom.

18. 'LEWENSWYSHEID'

Leer jou kinders van kleins af om lewensfiks te word. Daarvoor sal jy hulle moet toelaat om ook aan die skerp kante van die lewe blootgestel te word. Jy kan hulle nie altyd en oral beskerm nie. Hoe gouer hulle self leer dat die lewe nie 'n volmaakte regverdige plek is nie, hoe beter vir hulle. Dit beteken nie dat jy hulle nie moet bewus maak van die liefde, skoonheid en wonders wat daar ook in die lewe is nie. Moet net nie al die doringe afsny van die rose wat jy hulle gee nie.

- Ellen Key



TIEN GEBOOIE VIR OUERS

- **EEN**

My handjies is klein - moet asseblief nie perfeksie verwag as ek 'n bed opmaak, 'n prent teken of 'n bal gooi nie. My beentjies is kort - loop stadiger sodat ek kan bybly.

- **TWEE**

My oë het nog nie die wêreld gesien soos joune nie - laat my toe om dit veilig te ontdek sonder om my onnodig aan bande te lê.

- **DRIE**

Die huiswerk sal altyd daar wees. Ek is net vir 'n kort rukkie jonk. Maak tyd om dinge oor die wonderlike wêreld aan my te verduidelik.

- **VIER**

Behandel my soos jy graag behandel wil wees - moenie heeldag onnodig met my raas nie - jy sal ook nie daarvan hou om gedurig nuuskierig genoem te word nie.

- **VYF**

Ek is 'n geskenk van God - koester my soos wat God wil hê. Laat ek verantwoordelikheid vir my daade aanvaar, gee vir my die regte leiding en dissiplineer my met liefde.

- **SES**

Ek het jou aanmoediging (maar nie jou onopregte lof nie) nodig om te kan groei. Moet my nie onnodig kritiseer nie - onthou jy kan die dinge wat ek doen oordeel sonder om my te veroordeel.

- **SEWE**

Gee my die vryheid om my eie beslissings te maak. Laat my toe om foute te maak, sodat ek van my foute kan leer.

- **AGT**

Moenie dinge oordoen nie - dit laat my voel dat my poging nie goed genoeg was nie. Ek weet dis swaar, maar moet my nie met my broer of suster vergelyk nie.

- **NEGE**

Moenie huiwer om vir 'n naweek saam weg te gaan nie. Kinders het vakansie nodig weg van hulle ouers, en ouers het vakansie nodig weg van hul kinders. En dit is 'n goeie manier om ons kinders te leer dat julle huwelik spesiaal is.

- **TIEN**

Neem my saam kerk en kategeseskool toe - ek wil graag meer leer van God.



NOORDSKOOL SKOOLDRAG



DOGTERS SOMERSDRAG

FORMEEL: Geruite broekromp / geruite romp, ski-pants moet by albei gedra word. Wit oopslaan skoolhemp moet met 'n oortrektrui / trui gedra word (das is nie verpligtend). Navy enkelsokkies en swart skoene. 'n Skoolbaadjie kan hierby gedra word.

INFORMEEL: Geruite broekromp / geruite romp, ski-pants moet by albei gedra word. Blou gholfhemp met groen sweetpaktop / skooltrui / oortrektrui / dri-mac vir reënerige dae.

SEUNS SOMERSDRAG

FORMEEL: Grys kortbroek, wit skoolhemp met das (oortrektrui / trui is nie verpligtend). Grys skoolkouse en swart skoene. 'n Skoolbaadjie kan hierby gedra word.

INFORMEEL: Grys kortbroek met blou gholfhemp met groen sweetpaktop / skooltrui / oortrektrui / dri-mac vir reënerige dae.

NOORDSKOOL SKOOLDRAG



DOGTERS WINTERSDRAG

FORMEEL: Navy langbroek, wit langmou skoolhemp moet met 'n oortrektrui / trui gedra word (das is nie verpligtend). Navy enkelsokkies en swart skoene. 'n Skoolbaadjie kan hierby gedra word.

INFORMEEL: Skoolsweetpak met 'n blou gholfhemp of groen polonek top. Sporttekkies word hierby gedra.

SEUNS WINTERSDRAG

FORMEEL: Grys langbroek, wit langmou skoolhemp met das (oortrektrui / trui is nie verpligtend). Grys skoolkouse en swart skoene. 'n Skoolbaadjie kan hierby gedra word.

INFORMEEL: Skoolsweetpak met 'n blou gholfhemp of groen polonek top. Sporttekkies word hierby gedra.